

**KOVSIE EERSTEJAAR SKYNHOFHOFWEDSTRYD
4 tot 6 OKTOBER 2012**

Tumelo Bohang, gebore op 27 Januarie 1983, het in die Natalse Middellande groot geword. Sy gesin is baie goed met die Tladi's bevriend en hulle spandeer baie tyd saam. As gevolg hiervan ontwikkel hy 'n noue band met die Tladi's se enigste kind, Thuli. Hulle verjaar op dieselfde dag. Die twee is onskeibaar, en soos die geluk dit wou hê, is hulle vanaf Graad 1 tot Graad 12 in dieselfde klas.

Hul liefde floreer gedurende hul hoërskooljare en, alhoewel nie amptelik nie, besluit hulle om met mekaar te trou. Eers toe die tyd aanbreek dat hulle met hoëronderwys moes begin, skei hul paadjies. Tumelo en Thuli doen albei aansoek by die vooraanstaande Australiese McLeland Universiteit wat onlangs 'n kampus in Suid-Afrika gevestig het. As gevolg van 'n administratiewe fout word Thuli se aansoek verkeerd op die stelsel verwerk en sy word nie toegelaat nie. Sy studeer toe by 'n universiteit nader aan die huis. Sy en Tumelo bespreek die saak deeglik en besluit dat, al sou dit moeilik wees om ver van mekaar af te wees, dit vir hul gesamentlike toekoms beter is as Tumelo by McLeland gradueer, want dit sou aan hulle die geleentheid gee om te emigreer indien dit ooit nodig sou wees.

Nadat hulle in 1995 matrikuleer, nader Tumelo en sy vader Tuli se vader en ooms en lobolo-onderhandelinge tussen die partye begin. Nadat die partye ooreenkom oor die hoeveelheid lobolo wat betaal moes word, vra Tumelo vir Thuli om te trou, en sy stem vol vreugde in. Vier jaar later, in 1999, ontvang Tumelo 'n honneursgraad in Rekeningkunde en Thuli behaal 'n LL.B. graad. Die jong paartjie herenig, want beide kry werk in Bloemfontein. Hulle sluit op 14 Februarie 1999 'n huwelik volgens die gewoontereg .

Thuli word twee jaar later as prokureur toegelaat en Tumelo kwalifiseer die jaar daarna as geoktrooieerde rekenmeester. Hul eerste seun, Kabelo, word gedurende hierdie tydperk op 28 Augustus 2002 gebore. Die paartjie is ongelooflik gelukkig.

'n Maand na die geboorte van hul seun reis die gesin na hul ouers se tuisdorp in Natal om 'n rukkie saam met hul families deur te bring. Die weer is baie sleg toe hulle oor die verraderlike Van Reenenspas ry. Dit reën hard en die uitsig is baie swak. 'n Aankomende motor, sonder enige ligte aan, swaai in hulle baan in en bots met hul voertuig. Thuli word op slag gedood en Tumelo doen ernstige beserings op. Kabelo kom sonder enige ernstige beserings uit die ongeluk.

Dit vir Tumelo baie swaar om oor die verlies van Thuli te kom. Hy pas moeilik aan in die rol van enkelouer en neem 'n *au pair* in diens om hom te help. Hy vermy dit om huis toe te gaan, aangesien Kabelo hom te veel aan Thuli herinner. Tumelo begin erg drink en besoek gereeld plaaslike kroë en klubs. Hy begin

ontspanningsverdoeringsmiddels misbruik en gebruik die R5m uitbetaling van Thuli se versekeringspolis om vir hierdie gewoonte te betaal.

Op Oujaarsaand 2002 ontmoet hy 'n agtienjarige meisie genaamd Lindiwe Dikgetsi by die Cascade Klub. Sy spits haar aandag op hom toe omdat sy gesien het dat hy maklik geld uitgee en drankies koop vir die enkelopende dames in die kroeg. Sy begin met hom gesels en nooi hom later huis toe. By haar woonstel vertel sy hom dat sy kokaïne het en vra of hy saam met haar daarvan wil gebruik.

Tumelo en Lindiwe begin 'n verhouding en lei 'n vinnige lewensstyl. Kabelo word alleen gelos by Karabo Monareng, die *au pair*, om hom groot te maak. Tumelo en Lindiwe is elke aand uit by partytjies en misbruik drank en dwelms. Tumelo vind uit dat Lindiwe in graad 10 die skool verlaat het en van Prieska na Bloemfontein verhuis het om 'n loopbaan as model te volg. Sy is werkloos en het verskeie troeteloopies wat haar huur en uitgawes betaal, en wat dwelms en duur klere aan haar gee in ruil vir haar geselskap. Lindiwe het aanvanklik vir Tumelo vertel dat die ouer mans haar "agente" en "publisiteitsbeamptes" is. Toe hy die waarheid uitvind, huil sy vreeslik en blameer haar slegte kinderjare vir haar verkeerde besluite.

Tumelo ervaar probleme by sy werk: die bestuursvennote van die ouditeursfirma is bewus daarvan dat hy laat by die werk opdaag en sukkel om te konsentreer. Hulle tref hom heel dikwels aan die slaap op sy lessenaar aan. Eers ignoreer hulle dit omdat hulle simpatie met hom het. Tumelo raak meer afhanklik van kokaïne en begin dit by die werk gebruik. Die direkteur betrap hom waar hy die middel in die mansruskamer gebruik en beveel hom om rehabilitasiebehandeling te ondergaan, of andersins dissiplinêr vervolgt te word. Tumelo meld homself by 'n fasiliteit aan en ondergaan behandeling. Hy word ses weke later ontslaan en gaan terug huis toe na sy seun, Kabelo, wat amper een jaar oud is. Lindiwe besoek hom by sy huis en verwag die eerste aand dat alles moet wees soos dit was en dat hulle weer met hul leefstyl van partytjies kan begin. Tumelo wil egter nugter bly en verduidelik aan Lindiwe dat hul verhouding slegs kan voortgaan indien sy ook vir rehabilitasie gaan. Lindiwe stem in en meld by dieselfde fasiliteit aan, aangesien haar vriendin, Ayanda, haar vertel dat agente wat modelle soek dikwels na rehabilitasiesentrums gaan om mooi meisies te kry. Tumelo betaal vir albei van hulle om na die rehabilitasiesentrum te gaan.

Toe Lindiwe weer terugkom, vra Tumelo haar om by hom in te trek. Hy verduidelik dat hy met haar wil trou en dat hulle twee saam sy seun moet grootmaak. Lindiwe is nie baie opgewonde oor die idee om 'n kind groot te maak nie, maar sy is lief vir Tumelo en alles wat hy vir haar kan voorsien. Sy stem dus in. Tumelo se familie is nie baie lief vir Lindiwe nie, want hulle is bewus van die soort lewe wat die twee gelei het en is bekommerd daaroor dat sy hulle kleinkind moet grootmaak. Hulle is egter so verlig daaroor dat Tumelo byna weer sy ou self is, dat hulle besluit om die paartjie te ondersteun.

Lindiwe se vader is twee jaar gelede oorlede en haar moeder is nou die hoof van die huishouding. Tumelo en sy vader nader Lindiwe se moeder in 2004 om oor lobolo vir haar te onderhandel. Die lobolo word betaal en die huwelik word volgens hulle stamtradisies onderhandel, voltrek en gevier. Tumelo en Lindiwe probeer om by hulle nuwe lewe saam aan te pas, maar Lindiwe is verveeld met die lewe as huisvrou. Sy mis dit om saam met Tumelo by kroeë en klubs uit te hang. Sy vind dit moeilik om met Kabelo te bind en 'n verhouding te bou en laat die versorging aan die *au pair* oor.

Tumelo stel voor dat hulle 'n partytjie hou om Kabelo se tweede verjaardag te vier en vra Lindiwe om dit te reël. Sy doen dit met min entoesiasme en besluit om een van haar ou vriendinne te nooi om die partytjie by te woon, sodat sy nie te veel met Tumelo se kollegas se vrouens hoef te gesels nie.

Op die dag van die partytjie bring Lindiwe se vriendin, Ayanda, kokaïne saam en sê vir Lindiwe dat dit sal help om die partytjie meer draaglik en prettig te maak. Lindiwe gebruik die kokaïne en vind dat die partytjie nie meer so sleg is nie. Tumelo vermoed nie dat sy kokaïne gebruik het nie. Sy en Ayanda begin om van Tumelo se geld op verskillende dwelms te spandeer en bring hul dae deur met inkopies en besoeke aan spa's.

Tumelo raak gefrustreerd omdat Lindiwe nie met sy seun 'n verhouding vorm of probeer om 'n moeder vir hom te wees nie en hulle stry dikwels. Saans begin Lindiwe skelm groot hoeveelhede jenever en vodka drink. Eendag vertel sy vir Tumelo dat sy saam met Ayanda gaan eet, maar die vrouens gaan jol die aand in die stad en Lindiwe kom eers om 05:00 tuis. Tumelo wag haar in en toe hy haar sien, besef hy dat sy weer besig is om middels te misbruik. Hulle stry en Lindiwe oortuig Tumelo dat dit 'n eenmalige gebeurtenis was. Sy besef dat sy meer versigtig sal moet wees.

Tumelo raak baie agterdochtig oor Lindiwe en hulle stry baie. Lindiwe, wat bang is dat sy Tumelo gaan verloor, besluit om swanger te raak omdat sy weet dat Tumelo haar nooit sal los as sy vir hom 'n kind in die lewe bring nie. Sy is meer versigtig wanneer sy kokaïne gebruik en sy steek altyd bottels vodka in haar skoenbokse weg. Vir alle praktiese doeleindes word Lindiwe 'n funksionele alkoholis. Toe sy aankondig dat sy hulle eerste kind verwag, is Tumelo verheug. Hy dink dat sy nou makliker sal aanpas by haar rol as vrou en moeder en hy is heeltemal onbewus van die hoeveelhede alkohol wat sy daagliks gebruik. Op sy navraag tydens haar een besoek aan die ginekoloog in 2007 oor haar eetgewoontes en lewensstyl, sê sy dat sy gesond eet en 'n ontspanne lewensstyl as die vrou van 'n ouditeur lei. Die dokter is bekommerd daarvoor dat die fetus nie normaal ontwikkel nie en abnormaal klein is.

Tumelo konfronteer Lindiwe by die huis en sy erken dat sy steeds alkohol en ook soms kokaïne misbruik. Tumelo gooi al die drank wat in hul kroeg is weg en gee verder geen sakgeld aan Lindiwe nie, in die hoop dat sy nie verdere drank sal

kan koop nie. Hy is onbewus van die drank wat sy in haar skoenbokse wegsteek en dat Ayanda haar altyd voorsien van 'n bottel of twee as sy dit nodig het.

Tydens die volgende doktersafspraak spreek die dokter sy kommer uit dat die baba ontwikkelingsprobleme gaan hê omdat die situasie nie verbeter het nie. Tuis argumenteer Tumelo en Lindiwe en Lindiwe verklaar dat sy nooit kinders wou hê nie maar dat sy swanger geraak het omdat sy geweet het Tumelo wil nog hê. Sy sê dat sy nie lief is vir Kabelo nie en nog minder vir die ongebore kind. Tumelo verlaat die huis in 'n toestand van skok en laat Lindiwe alleen daar. Lindiwe begin erg drink en loop doelloos in hulle huis rond. Toe die bottel leeg is, loop sy die trappe op na bo om nog een te kry en sy struikel en val op die trappe. Gelukkig hoor die *au pair* die gedoente en sy kry Lindiwe bewusteloos aan die onderpunt van die trappe. Sy bel Tumelo en 'n ambulans en Lindiwe word hospitaal toe gejaag. Lindiwe vertel later aan Tumelo dat Karabo haar van die trappe afgestamp het, maar Tumelo glo haar nie.

Op 15 Desember 2007 skenk Lindiwe geboorte aan 'n babaseuntjie. Die baba is prematuur op 32 weke gebore en daar word aan hulle verduidelik dat die baba simptome van Fetale Alkohol Sindroom het. Die kind het ekstra mediese aandag nodig. Tumelo is woedend en gaan aan die drink en koop kokaïne en drink homself in 'n koma in. Wanneer hy bykom, besef hy dat hy weer vir rehabilitasie moet aanmeld en dat Lindiwe saam met hom moet kom. Hy bel Lindiwe se moeder en vra haar hulp. Sy verklaar onomwonde dat sy skaam is oor haar dogter se optrede en dat sy niks verder met haar te doen wil hê nie. Sy dreig om Lindiwe te ontferf.

Tumelo besluit om nie sy familie te kontak nie aangesien verhoudings reeds gespanne is omdat hulle nie van Lindiwe hou nie en nie ongelukkig sal wees omdat dat hulle albei weer vir rehabilitasie gaan. Om dinge te vererger, sê sy *au pair*, Karabo Monareng, dat sy dit nie langer kan uithou om vir die gesin te werk nie omdat sy nie kan toekyk hoe die kinders deur hul moeder verwaarloos word nie. Tumelo pleit by haar en haal haar naderhand oor om aan te bly en die kinders te versorg. Sy willig met moeite in om na die kleuter Kabelo en die baba Temoho om te sien.

Tumelo en Lindiwe kom na 6 weke in rehabilitasie weer tuis en Lindiwe is vasbeslote om te vergoed en probeer haar bes om 'n goeie moeder vir haar baba en Kabelo te wees. Temoho is 'n moeilike baba met baie behoeftes. Dit frustreer Lindiwe baie keer. Soos Temoho groter word, is dit duidelik dat hy verskeie gesondheidsprobleme het. Die situasie word te erg vir Lindiwe en sy begin weereens om alkohol te misbruik. Haar verhouding met Tumelo raak stormagtig en hulle argumenteer baie. Die spanning in die huishouding veroorsaak dat die tweejarige Kabelo met niemand anders as Karabo wil kommunikeer nie.

Een aand in Junie 2008 ruk 'n argument tussen Tumelo en Lindiwe in so 'n mate handuit dat Lindiwe besluit om die huis te verlaat. Terwyl Tumelo slaap, neem sy

al die geld uit die kluis in die studeerkamer en sy pak haar tasse en vertrek. Toe Tumelo die volgende oggend wakker word, is hy geskok om te sien dat Lindiwe hom alleen agtergelaat het om die twee kinders groot te maak. Vasbeslote om nie weer terug te val nie, begin hy om meer tyd met die kinders deur te bring en help Karabo meer dikwels om na hul behoeftes om te sien.

Tumelo en Karabo lewe baie na aan mekaar en spandeer baie tyd saam met die kinders. Eendag terwyl hulle met die kinders 'n piekniek in die botaniese tuine hou, noem Kabelo vir Karabo "mammie" en Karabo help hom reg. Tumelo merk op dat Karabo die enigste moeder is wat Kabelo ooit geken het en dat baba Temoho gelukkig kan wees dat sy vir hom sorg.

Tumelo beskou Karabo as deel van die gesin en besef dat sy 'n uitstekende moeder vir sy kinders is en besef ook dat sy 'n uitstekende vrou sal wees. Een aand besluit hy om 'n eerlike gesprek met haar te hê en verduidelik dat hy haar leer liefkry het in die maande wat hulle saam die kinders grootgemaak het en dat hy graag wil hê sy moet deel van die gesin word. Tumelo vra haar om te trou en Karabo, wat nog altyd op hom verlief was, stem graag in.

Tumelo verduidelik aan sy familie dat Lindiwe verdwyn het en dat hy intussen geluk by Karabo gevind het en graag met haar wil trou. Die familie aanvaar Karabo, aangesien hul deeglik bewus is dat Karabo na Kabelo omgesien het sedert Thuli se afsterwe. Hulle voel dat sy moontlik 'n stabiliserende uitwerking in Tumelo se lewe kan word. Tumelo en sy vader nader Karabo se vader en begin met lobolo-onderhandelinge. Kort daarna sluit die paartjie in Februarie 2009 'n huwelik volgens die gewoontereg. Die nuwe gesin pas gemaklik aan by hul nuwe lewe, waar Karabo die huishouding en sorg vir die kinders oorneem, en Tumelo geldelik vir die gesin sorg.

Karabo is 'n goeie moeder vir die kinders en is van mening dat die meeste van die kinders se tyd aan studies gewy moet word en minder tyd aan speel. Sy spandeer ure daaraan om hulle te help leer en die gevolg is dat Kabelo akademies eerste in sy klas staan. Nadat IK toetse op die seun gedoen is, word die gesin ingelig dat Kabelo buitengewone hoë kognitiewe funksies vir 'n kind van sy ouderdom vertoon.

Karabo wy ook baie van haar tyd daaraan om Temoho te help, aangesien hy leerprobleme sowel as ander ontwikkelingsprobleme ervaar as gevolg van Fetale Alkohol Sindroom. Soms voel Tumelo dat Karabo dalk te streng dissipline toepas en dat die seuns meer tyd vir speel moet hê. As hy wel die saak aanroer, herinner sy hom vinnig daaraan dat sy vir die meeste van hul lewens die enigste persoon was wat die kinders opgevoed het en dat sy die beste weet.

In November 2011 erf Karabo geld uit die opbrengs van 'n versekeringspolis op haar ouma se lewe. Sy kan in alle opsigte as 'n onafhanklike, welgestelde vrou beskou word, maar sy beskou die erfporsie as 'n neseier vir haarself.

In Januarie 2012 verskyn Lindiwe onverwags en is verras dat Tumelo 'n tweede vrou gevat het. Lindiwe verduidelik aan Tumelo dat sy besef sy het verkeerd opgetree en dat sy graag wil terugkom huis toe. Sy sê dat sy gewillig is om haar plek in die nuutgevormde gesin in te neem indien Tumelo haar sal aanvaar. Tumelo wil graag die regte ding doen vir sy jongste seun en aanvaar haar terug in die gesin. Karabo voel egter ongemaklik oor Lindiwe se terugkeer.

Lindiwe vind dit moeilik om by die kinders betrokke te raak en hou nie daarvan dat Temoho na Karabo as "mamma" verwys nie. Sy voel soos 'n buitestander in die gesin, veral nadat beide Temoho en Karabo handgemaakte moedersdagkaartjies aan Karabo gee. Die meeste besluite oor die kinders word ook deur Karabo geneem. Sy begin spanning veroorsaak in Tumelo en Karabo se verhouding en Karabo is ongelukkig oor die mate waartoe Tumelo gewillig is om Lindiwe te akkommodeer. Na 2 maande het Karabo 'n gesprek met Tumelo waarin sy verduidelik dat sy voel asof sy weer verlaag is tot die status van 'n *au pair* en dat sy meer uit die verhouding wil hê. Tumelo verduidelik dat Lindiwe Temoho se moeder is en dat hy dit aan sy seun verskuldig is om dinge met haar te laat werk.

Gedurende April 2012 besluit Karabo om die gesin se huis te verlaat en laat Tumelo en Lindiwe agter om alleen na die kinders om te sien. Twee weke later begin dinge moeilik raak en Lindiwe besef dat sy nie op haar eie die kinders kan hanteer nie. Lindiwe bel Karabo en smee vir hulp. Lindiwe weier om na die huis terug te keer maar sê dat indien Lindiwe die kinders en hul besittings na haar nuwe huis toe bring, sy na die kinders sal omsien. Lindiwe wil dit nie graag doen nie, want sy is vasbeslote om aan Tumelo te bewys dat sy 'n goeie vrou en moeder kan wees. Sy sê ferm aan Karabo dat sy elders hulp sal kry en sit die telefoon neer. Karabo het die gesprek gehoor en begin onmiddellik vir Lindiwe te smee om hulle na Karabo toe te vat. Temoho begin om sy ouer broer na te aap en Lindiwe, wat beledig en kwaad voel, besluit om hulle na Karabo toe te vat. Toe sy die kinders by Karabo se nuwe woonstel aflaai, sien Lindiwe dat die hele gebou armoedig is en dat dit lyk asof dit buurt onveilig is. Lindiwe bel nie vir Tumelo om hom te vertel dat sy die kinders by Karabo gaan aflaai het nie. In stede daarvan gaan sy op 'n langnaweek drinkery saam met Ayanda en Ayanda se nuwe kêrel. Sy voel nutteloos en kwaad omdat al haar goeie voornemens soos mis voor die son verdwyn het.

Toe Lindiwe die Maandagoggend terug strompel, ontdek sy dat Tumelo 'n dag vroeër terug gekom het en dat hy besorg is daaroor om uit te vind dat sy kinders weg is. Lindiwe bars in tranes uit en blameer onmiddellik alles op Karabo. Terwyl Tumelo nog besig is om kop of stert te probeer uitmaak van haar storie, bedien die balju 'n kennisgewing vir egskeding op Tumelo. Lindiwe is tweede verweerder in die saak. Karabo dagvaar Tumelo vir 'n egskeding en eis 'n verdeling van die gesaamentlike boedel, toesig vir beide minderjarige kinders en onderhoud vir die kinders en vir haarself.

Karabo se besonderhede van vordering bepaal dat sy 'n bevel aanvra met die volgende bepalings:

1. Egskeidingsbevel;
2. Volle ouerlike regte ten opsigte van beide minderjarige kinders, onderhewig aan die verweerders se redelike kontak met die minderjariges;
3. Onderhoud vir die minderjarige kinders;
4. Onderhoud vir die eiseres; en
5. Verdeling van die eiser en eerste verweerder se gesamentlike boedel.

Tumelo en Lindiwe liaseer 'n teeneis waarin hulle die volgende eis:

1. 'n Egskeidingsbevel;
2. Volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van beide kinders.;
3. Verdeling van die eiser en eerste verweerder se gesamentlike boedel.

Gedurende samesprekings om 'n ronde tafel is dit duidelik dat die eerste en tweede verweerders, Tumelo en Lindiwe, 'n verenigde front voorhou en nie wil hê dat Karabo enige kontak met die kinders moet hê nie.

Tumelo en Lindiwe moet egter 'n nuwe *au pair* aanstel om te help met die kinders se grootmaak, aangesien Lindiwe nie in staat is om op haar eie na hulle om te sien nie. Die kinders weier om met die *au pair* te praat of haar te gehoorsaam en Lindiwe raak ongeduldig met hulle. Die kinders smee om by Karabo te gaan bly en Karabo moedig hulle aan om dit vir hul vader te noem. Sy hou nie van Lindiwe nie en weet ook dat die kinders se aanhoudende gesmeek Lindiwe sal irriteer.

Die partye slaag nie daarin om 'n skikkingsooreenkoms te bereik wanneer die aangeleentheid die verhoor fase bereik nie. Daar word van u verwag om hoofde van betoog voor te berei en die saak vir beide die eiser en die verweerder te argumenteer in terme van die bedes. U hoef nie die kwessie rakende die verdeling van die gesaamtlike boedel aan te raak nie.